# O.B.

Jrg. 7 Kaapstad, Vrydag, 21 Mei 1947 No. 26

## WAAROM?

**'n Drenkeling sal selfs na 'n slang gryp. Waarom neem dr. Malan nie die O.B. se uitgestrekte hand nie wanneer hy aan die volk sê dat dit sy laaste kans op 26 Mei is?**

**Is dit omdat dr. Malan nie vir blanke Suid-Afrika veg nie, maar vir „Malan-Suid-Afrika"? Of is dit omdat dr. Malan nie die verkiesing wil wen nie, maar nog steeds wil „stal skoonmaak" soos in 1943?**

# TEEN WIE GAAN DIE VERKIESING?

**Mnr. J. G. Strydom, H.N.P.-leier in Transvaal, het Woensdagaand op Krugersdorp uitdruklik gesê:**

„Sover dit die verkiesing aangaan, word dit nie geveg oor die verskille tussen die party en die O.B. nie, maar tussen die Verenigde Party en die Nasionale Party oor die vraag of Suid-Afrika 'n witmansland sal bly."

**Ons vra: Waarom bly die H.N.P.-organisasie as sodanig in Brakpan, waar 'n O.B.-lid vir „blanke Suid-Afrika" staan, dan buite stemming?**

Die Transvaler van 15 April het met verwysing na 'n besluit van die H.N.P.-dagbestuur insake mnr. Vorster se kandituur as volg geskryf:

„Die organisasie van die H.N.P. (sal) in Brakpan **nie aan die verkiesing kan deelneem nie. Die H.N.P. laat dit aan sy ondersteuners in Brakpan vry om elkeen in sy indiwiduele hoedanigheid daar te handel en te stem volgens sy eie oordeel".**

In Brakpan staan 'n vooraanstaande Smuts-kandidaat, naamlik die Adjunk-speaker. Die H.N.P. neem nie daar deel aan die verkiesing wat oor „blanke Suid-Afrika" gaan nie, **omdat mnr. Vorster 'n O.B.-lid is.**

**Teen wie gaan die verkiesing dan?**

# DR. MALAN SE DOEL MET O.B. IN VERKIESING

**Sewe jaar lank is die roeping van die Ossewabrandwag vertraag deur die stryd wat dr. Malan na deeglike voorbereiding op 3 Oktober 1941 van stapel gestuur het met die woorde: „Laat die stryd kort van duur en beslissend wees."**

**Sewe jaar lank is die ideale van die Ossewabrandwag, naamlik volkseenheid binne 'n partylose Republiek, in die wiele gery deur verdagmaking, boikot en gedeeltelike vernietiging van die Ossewabrandwag — die Ossewabrandwag wat die magtigste organisasie was wat republikeinse Suid-Afrika nog ooit besit het.**

Aan die begin van die stryd is aan O.B.-lede gesê deur dr. Malan self, o.a. op die Paarl, dat dr. Hans van Rensburg met **genl. Smuts** skakel. **Daarom moet die O.B. vermy word.**

Na sewe jaar word aan O.B.-lede gesê dat dr. Van Rensburg **met Duitsland** geskakel het en dat **die O.B. daarom vermy moet word** anders stem die Engelse nie vir die H.N.P. nie.

Sewe jaar gelede het dr. Malan aan sy volgelinge gesê dat hy die O.B. aanval omdat dr. Van Rensburg die „Nasionaal-sosialiste" binne die H.N.P., naamlik adv. Pirow en sy gevolg, „uitgenooi" het om by die O.B. aan te sluit, en hom daardeur „ingemeng het" met die party se interne sake. **Toe was die Nasionaal-sosialiste welkom binne die H.N.P.**

Sewe jaar later vertel dr. Malan aan sy volgelinge dat hy nie met die O.B. in die verkiesing kan saamwerk nie **omdat die O.B. die nasionaal-sosialistiese ideologie sou aanhang!**

**Met hierdie warboel van teenstrydighede het dr. Malan die Ossewabrandwag sewe jaar lank teëgehou in die vervulling van sy volksroeping om Afrikanereenheid en 'n partylose Republiek te bring — die enigste voorwaarde om ons groot vraagstukke op te los.**

### NEK BREEK

**En nou wil dr. Malan die Ossewabrandwag se nek finaal breek in die huidige verkiesing.** Sy metode is om die Beweging eers so uit te tart met sy vyandskap soos geopenbaar in Brakpan en Roodepoort, dat die Ossewabrandwag sy leiding tot aksie sal aanvuur. Spontaan het O.B.-lede en offisiere dan ook dwarsdeur die land 'n beroep op die K.G. gedoen om geen steun aan dr. Malan in die verkiesing te verleen voordat vrede gesluit word nie. **Die besluite van Worcester, Pretoria en Oos-Kaapland is bekend, en die K.G. het ooreenkomstig die gevoel van sy volgelinge gehandel met dié toegewing dat kandidate plaaslik gesteun sal word waar hulle aparte vrede sluit.**

**Dit was toe dr. Malan se oogmerk om met vreesaanjaging die O.B.-lede los te ruk van hul eie besluite en die leiding van hul K.G..**

### GEREPUDIEER

Sou hy daarin slaag, staan Hans van Rensburg gerepudieer deur sy eie volgelinge, **en sal hy nooit weer die vrymoedigheid hê om kragtige leiding te gee nie. Die O.B. sal daarna 'n gemaklike slagoffer in die hande van dr, Malan val. Hy sal dan na sewe jaar vernietig wees.**

**Saam met die O.B. sal dan verdwyn ook die ideale van volkseenheid en die partylose volkstaat waarsonder ons vraagstukke nie opgelos kan word nie.**

Dit weet dr. Malan en daarom weier hy om selfs sy kandidate toe te laat om plaaslike vredes te sluit. Dr. Malan vertrou dat O.B.-lede tog deur sy verkiesingshisterie aangegryp sal word en stembus toe sal jaag om teen hul K.G. en vir die vernietiging van die O.B. te gaan stem. **Daarmee gaan dr. Malan 'n reuse-dobbelspel aan waarvoor die prysgeld dr. Van Rensburg en hy self is.** Staan die O.B.-volgelinge by hul leier, Hans van Rensburg, weet dr. Malan is sy eie leierskap gedoem. **Hy sal deur die volk gerepudieer word as 'n leier wat verloor het in 'n dobbelspel waar die volk in 'n ernstige stryd gewikkel was. Daarna sal daar volkseenheid kom soos in 1938 — 1941.**

### LANG PAD

**Wen dr. Malan, dan lê daar nog 'n lang pad van volksverdeeldheid voor. Wen Hans van Rensburg, is volksverbrokkeling vir goed die nek ingeslaan.**

**Dit is die pryse wat op die spel is en nie „blanke Suid-Afrika" soos dr. Malan die volk wil laat glo nie.**

Want veronderstel dr. Malan wen die verkiesing, wat gaan hy aan die naturelle-vraagstuk doen? Hy het twee-derdes nodig om iets ingrypends te kan verrig, soos genl. Hertzog in 1936 gedoen het. **Maar selfs genl. Smuts beskik nie oor so 'n meerderheid vandag in die parlement met sy reuse-meerderheid van 89 nie!**

**Dr. Malan sal eenvoudig, as hy IETS wil doen aan blanke redding, ook die steun moet verkry van die Smutsgevolg wat oor die kleurvraagstuk voel soos dr. Malan voel. Daarvoor is nodig 'n koalisie met die Smuts-party soos genl. Hertzog in 1933 'n koalisie moes sluit voordat hy IETS kon doen aan die naturelle-vraagstuk waarvoor hy 'n verkiesing in 1929 geveg het teen genl. Smuts.**

In die verkiesing van 1929 het genl. Smuts TEEN „blanke Suid-Afrika" geveg. In die koalisie. d.w.s. by opheffing van die partystelsel, het genl. Smuts en sy volgelinge VIR blanke Suid-Afrika gestem saam met dr. Malan en genl. Hertzog. Tot watter nut was die verkiesing van 1929 dan sover dit „blanke Suid-Afrika' aangegaan het?

**NUL.**

### PARTYSTELSEL

Net so sal hierdie verkiesing vir blanke Suid-Afrika van geen waarde wees nie, **maar die opheffing van die partystelsel sal dit wel moontlik kan maak om vraagstukke vir blanke Suid-Afrika op te los.**

Die verkiesing mag dr. Malan egter wel in staat stel om die Ossewabrandwag te vernietig **indien O.B.-lede hul leier in die steek laat. Dan sal die oplossing van al ons vraagstukke uit die gesig verdwyn, want dan sal ook die partylose volkstaat waar verenigde kragte die vraagstukke sal aanpak, wyk vir die parlementêre demokrasie wat dr. Malan tans voor veg, en waarbinne dit ONMOONTLIK is vir Afrikaners wat saamvoel om saam te stem, soos duidelik blyk uit onderstaande aanhaling van mnr. J. G. Strydom,**

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

**leier van die H.N.P. in Transvaal, se toespraak in die parlement:**

„As die volk daarbuite en ook die Eerste Minister se eie volgelinge hulle stem oor hierdie saak kan uitbring **sonder dat hulle daardeur hulle party in die ongeluk bring,** is ek in my gemoed daarvan oortuig dat nie alleen **meer as die helfte van die lede aan die oorkant van die Raad daarteen sal stem** nie, maar die oorgrote meerderheid van die witmense in hierdie land sal stem teen die toekenning van die stemreg aan die Indiërs. Daaraan het ek nie die minste twyfel nie. **Daar is lede aan die oorkant wat teen hierdie wetsontwerp is wanneer hulle met ons in die wandelgange praat... en as hulle oortuig gewees het daarvan dat hulle nie hul party daardeur sal skade aandoen nie, dan sou hulle nooit stem vir die toekenning van die stemreg aan die Indiërs nie"** (Hansard 1946 par. 5814).

**Die O.B. wil juis partye afskaf wat mense verplig om TEEN blanke Suid-Afrika in die parlement te stem terwyl hulle in die wandelgange VIR blanke Suid-Afrika praat.**

**Maar as dr. Malan se oogmerk teen die O.B. slaag, sal hierdie Britse stelsel vir nog baie geslagte die bestaan van blanke Suid-Afrika bedreig.**

## Die K.G. Het Gesê

**Gedurende Mei 1941 het die K.G. voor 'n skare van 5,000 mense op Piketberg verklaar:**

**„Dat die party-politieke front nie alleen genoeg is nie, bewys die blote bestaan van die O.B. en sy verbysterende groeikrag... Ons weet almal dat die party bestaan het in 1915/16 en dat die Helpmekaar nietemin die Afrikanerdom destyds op ekonomiese gebied grotendeels gered het......**

**„Die party het bestaan in 1938 en tog moes die wekroep van die simboliese Ossewatrek — nie vanuit die partykantore, dog van die Arbeidsgeledere van die A.T.K.V. van die Spoorweë kom.**

**„Die O.B. het aangebied wat ander organisasies — insluitende die party — sekerlik nie kan doen nie. Die O.B. bevat die Afrikaner as volksgenoot en nie as partygenoot nie".**

# HIER STEM ONS VIR VYANDSKAP

**Op 26 Mei word beslis of die Afrikanervolk in die volgende vyf jaar sal saamstaan in die stryd teen gemeenskaplike gevare en of die verdeeldheid van die afgelope sewe jaar vir nog vyf jaar verleng sal word.**

**Waar kandidate plaaslike vrede met die O.B. gesluit het, het volkseenheid reeds 'n oorwinning behaal. Daar gaan elke O.B. stem.**

**Dit geld vir die kiesafdelings VASCO en PAARL.**

**In alle ander Kaaplandse kiesafdelings is geen vrede met die O.B. gesluit nie. Daar bly die O.B. buite stemming in ooreenstemming met die U.R.-besluit. In sonderheid geld dit onderstaande Bolandse kiesafdelings:**

**Worcester (adv. T. E. Dönges).**
**Ceres (dr. A. J. Stals).**
**Malmesbury (mnr. S. M. Loubser).**
**Swellendam (mnr. S. E. Warren).**
**Hottentots-Holland (mnr. H. J. van Aarde).**
**Stellenbosch (mnr. Paul Roos).**
**Parow (mnr. A. E. Erlank).**

**Indien die O.B. in hierdie kiesafdelings buite stemming bly, ongeag persone, sal volksverdeeldheid se rug vir goed gebreek wees. Dr. Malan sal dan besef dat sonder die O.B. daar geen oorwinning kan wees nie. Daarna sal ons samewerking hê en 'n volksoorwinning.**

**Gaan die O.B. egter stem, sal dr. Malan weet dat hy NOOIT MET DIE O.B. VREDE HOEF TE SLUIT NIE, want die O.B. is in elk geval meer gehoorsaam aan hom as aan hul K.G. en by die volgende verkiesing sal die K.G. nie weer sterk kan optree nie.**

**Dis NOU of NOOIT!**

## *Waaroor Gaan Die Stryd?*

● **Vir kol. Stallard gaan die verkiesing nie oor die republiek nie, maar oor „blanke Suid-Afrika, so sê dr. Malan, en daarom kan sy party die hand van kol. Stallard vat.**

● **Vir die Gryshemp gaan die verkiesing nie oor nasionaal-sosialisme nie, maar ook blanke Suid-Afrika, so sê dr. Malan, en daarom kan die H.N.P. die Gryshemde se steun verwelkom en publisiteit verleen aan hul kongresse.**

● **Teen die O.B. gaan die stryd in die verkiesing egter oor nasionaal-sosialisme, so sê dr. Malan, en daarom weier sy party om die O.B. se hand te vat.**

# Nou die Tyd om Breuk te Herstel

**Mnr. Havenga is dringend deur die Kaaplandse H.N.P. ingeroep om te kom help in 'n paar kiesafdelings waar O.B.-stemme deurslaggewend kan wees. Dit geld o.a. adv. Dönges wat konsekwent weier om met die O.B. vrede te sluit en sy hoofleier se skeurbeleid ten volle onderskryf.**

Dr. Malan en adv. Dönges weier om die O.B. se uitgestrekte hand van vriendskap te vat omdat hulle geglo het dat die O.B. in elk geval vir hulle sal stem. Nou vind hulle uit dat die O.B. sy les in 1943 klaar geleer het en onthou het. Toe het die O.B. onvoorwaardelik vir die H.N.P. gaan stem waar geen ander, goedgesinde, kandidaat gestaan het nie. Hierdie vriendskapsgebaar is beantwoord met groter vyandskap: die diskriminasie teen O.B.-lede binne die H.N.P. is oorgedra tot binne in die hoofbestuur van die vriendskaplik-gesinde Afrikanerparty, soos in Brakpan en Roodepoort bewys is. Daarom weier die O.B. om hierdie keer weer onvoorwaardelik te gaan stem.

GAAN VERBY

Maar in plaas van die O.B.-steun te verseker deur bloot die hand van vriendskap te aanvaar wat uitgestrek gehou word, gaan dr. Malan en adv. Dönges daardie uitgestrekte hand nogeens verby. Hulle besef dat hulle hul misgis het, maar weier nog om hul verkeerde optrede te herroep. In plaas daarvan wend hulle 'n laaste poging aan om die O.B.-stemme te kry sonder vrede. Hierdie poging is naamlik om mnr. Havenga, vir wie hulle belet het om 'n O.B.-lid in sy toegekende setel Brakpan te nomineer — as gevolg waarvan die A.P. Brakpan as setel prysgegee het sodat die party nou net 10 in plaas van 11 setels het om te betwis — om vir mnr. Havenga naamlik te ontbied om O.B.-lede nou te beweeg om te gaan stem. Dieselfde mnr. Havenga aan wie dr. Malan in antwoord op sy smekinge om tog maar „'n groot vrede te maak" gesê het dat so 'n vrede nie nodig is nie, „want die O.B. sal tog maar vir ons stem".

WANNEER DAN?

Hiermee bewys dr. Malan en sy vyandiggesinde kandidate dat hulle nie sonder die O.B.-stem kan klaarkom nie. Mnr. Havenga, wat aanvanklik bygehaal is terwille van die Engelse stemme moet in die laaste week van die verkiesing gebruik word om O.B.-stemme vir dr. Malan en sy vyandiggesinde kandidate te werf. Maar as dr. Malan dan selfs met hierdie erkenning nog nie bereid is om die maklike manier van O.B.-steun te verkry deur eenvoudig vrede te sluit nie, wanneer sal hy dan vrede sluit? Wanneer sal dr. Malan sy stryd teen die republikeinse Volksbeweging staak? Ná die verkiesing wanneer hy die O.B. se stem nie meer nodig het nie?

Die persoon wat siek en sat is vir Afrikanertwis, kan daardie twis alleen beëindig deur NOU op 26 Mei buite stemming te bly. Indien hy tog gaan stem, en daarmee dr. Malan se vyandige beleid onderskryf, sal ons volk in 1953 maar weer presies staan waar hy nou staan: Verskeurd, verward en magteloos!

# 19 MAAK VREDE

**Altesaam negentien H.N.P.-kandidate het nou, hoewel teen die bevel van dr. Malan, vrede met die O.B. gemaak en ooreenkomste aangegaan.**

Behalwe die sestien name wat reeds deur die O.B. gepubliseer is, berig die Vaderland dat mnr. B. J. Syffert, H.N.P.-kandidaat vir Sunnyside, en dr. J. H. Loock, H.N.P.-kandidaat vir Vereniging, ooreenkomste met die Ossewabrandwag aangegaan het en onderneem het om nie teen die O.B. te diskrimineer nie. Verder berig die blad dat kol. J. L. B. Döhne, kandidaat vir Frankfort, 'n mondelinge versekering gegee het dat hy nie in sy mede-Afrikaner 'n vyand sien nie en dat hy ook nie bereid is om teen hulle te diskrimineer nie.

Verantwoordelikheid vir alle politieke berigte en kommentaar in hierdie uitgawe word aanvaar deur N. G. S. van der Walt, Groote Kerkgebou 703, Kaapstad.

# HET VREDE MET O.B. GEMAAK

**Negentien kandidate van die H.N.P. het op 'n eerbare manier in die openbaar vrede met die Ossewabrandwag gemaak, nieteenstaande dr. D. F. Malan in sy vyandige houding teenoor die O.B. volhard. In hierdie kiesafdelings sal hulle die steun van die Ossewabrandwag ten volle geniet.**

In die ander kiesafdelings het die H.N.P.-kandidate geweier, of hul nie verwerdig om vrede met die Ossewabrandwag te maak nie. Dus sit hulle die vyandskap teen die Ossewabrandwag voort nieteenstaande hulle die stemme van O.B.-lede broodnodig het. Maar in hierdie kiesafdelings sal lede van die O.B die besluit van die U.R. van die Grootraad nougeset uitvoer.

Hierdie vyandige kandidate sal sonder die O.B.-stemme moet klaarkom — en die vrugte pluk van hul leier se skeurbeleid.

Die O.B. kan nie gelyktydig bondgenoot en ook vyand wees nie. Dit is die plig van elke O.B. om dit tot die verstand van die H.N.P.-leiding te laat deurdring.

# Geen Vrede In Worcester

Verskeie pogings is aangewend om adv. Dönges, H.N.P.-kandidaat in Worcester, tot 'n vredesooreenkoms met die O.B. te beweeg. Alle pogings het egter misluk. Adv. Dönges vereenselwig hom ten volle met dr. Malan se skeurbeleid.

Een van adv. Dönges se verskonings is dat 'n ooreenkoms met die O.B. die Engelse stemme sal wegjaar. Adv. Dönges bly egter nog 'n antwoord verskuldig op die vraag waarom, as dit so is, die H.N.P. soveel moeite doen om elke O.B.-lidjie wat oorgehaal kan word, se belofte van steun in die pers bekend te maak, en waarom alle pogings aangewend word om O.B.-offisiere te beweeg om saam met H.N.P.-kandidate op die verhoog plaas te neem of om kandidate te sekondeer.

Na verneem word was daar tot verlede week 'n hele paar O.B.-lede in die kiesafdeling Worcester wat van gevoele was dat hulle tog maar vir adv. Dönges sal gaan stem. Ná sy weiering hierdie week, is alle O.B.-lede vasberade om nie te stem nie. Hulle stem nie vir volksverdeeldheid nie.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# GEEN O.B. HET 'N GROTER PLIG AS DR. MALAN NIE

**Dr. D. F. Malan het sy kandidate ten strengste verbied om 'n ooreenkoms met die Ossewabrandwag, van watter aard ook al, aan te gaan. „Ek beskou dit in 'n baie ernstige lig," het dr. Malan gesê.**

**Terselfdertyd gee dr. Malan voor dat die verkiesing oor die behoud van „blanke Suid-Afrika" gaan, en vir dié doel beloof hy ondersteuning aan en samewerking met kol. Stallard se kandidate en enige onafhanklike kandidaat wat die kleurbeleid van die H.N.P. ondersteun.**

Daar is net één kiesafdeling in die land waar dr. Malan 'n uitsondering maak, naamlik Brakpan, waar 'n onafhanklike A.P.-kandidaat staan wat ook lid van die Ossewabrandwag is. Daar het die H.N.P.-leiding volgens uitdruklike verklaring van Die Transvaler van 15 April, aangekondig dat die „H.N.P.-organisasie nie aan die verkiesing kan deelneem nie".

In sy verklaring van 10 Mei erken dr. Malan dat die O.B. met die H.N.P. saamstem oor die kleurvraagstuk en die kommunisme, maar dat hy van hom verskil oor die „nasionaal-sosialisme".

TWEE MATE

Dr. Malan is dus bereid om kol. Stallard se Sons of England te ondersteun in die verkiesing ten spyte van hul imperialistiese ideologie, want die verkiesing gaan nie oor imperialisme of republikanisme nie, maar oor „blanke Suid-Afrika".

Maar die verkiesing gaan ook nie oor nasionaal-sosialisme nie, want dan sou die Gryshemde nie hul ondersteuning aan die H.N.P. kon gee nie, en sal die H.N.P.-leiding ook nie steun aan aanhangers van die Nuwe Orde kan gee nie, soos in minstens drie setels gebeur. Dit gaan, so sê dr. Malan, bloot oor „blanke Suid-Afrika".

KAN MAAR SAP WEES

Nogtans weier dr. Malan om sy partyorganisasie aan die verkiesing in Brakpan te laat deelneem omdat adv. John Vorster lid van die O.B. is. In Brakpan is die H.N.P. dus bereid om liewer die Smutskandidaat — volgens dr. Malan se redenasie, dus swart Suid-Afrika se kandidaat — te laat inkom.

Vir dr. Malan is dit dus van groter belang om EEN enkele O.B.-lid uit die parlement te hou as om genl. Smuts uit die kussings te lig, want brakpan mag die deurslaggewende setel wees in die te wagte „kop-aan-kop"-uitslag.

Vir dr. Malan is die eintlike stryd dus teen dr. Van Rensburg en sy aanhangers.

TEEN EIE LEIER

Die O.B. wat vir 'n kandidaat van dr. Malan stem wat sy hoofleier se beleid aanvaar en weier om plaaslike vrede te maak, stem dus in die eerste plaas nie teen genl. Smuts nie, maar teen sy eie leier, dr. Hans van Rensburg.

Solank dr. Malan se party amptelik buite stemming bly in Brakpan waar 'n O.B. die vaandel vir „blanke Suid-Afrika" dra, solank het geen O.B. die plig om vir dr. Malan se vyandiggesinde kandidate te stem en sodoende dr. Malan se gifpyl op sy eie Kommandant-generaal af te vuur nie.

Geen O.B. het 'n groter plig om vir dr. Malan se „blanke Suid-Afrika" te stem as dr. Malan self nie. Solank dr. Malan se party in Brakpan amptelik buite stemming bly, bly die O.B. elders buite stemming.

# Waarom O.B. nie Gaan Stem nie

**Dr. Malan se volgehoue standpunt in die verlede was dat geen vrede met die O.B. nodig is nie, ook nie eens plaaslik nie, aangesien die O.B. „tog maar vir die H.N.P. sal stem."**

As daar gestem word, doen hy eenvoudig 'n beroep op die O.B.-lede se Afrikanerskap — 'n Afrikanerskap wat egter nie goed genoeg geag word om vir kandidaatskap of selfs vir groepleier en gewone lid in die party in aanmerking te kom nie.

Nogtans glo dr. Malan in sy hart dat die O.B. tog wel sulke goeie Afrikaners is dat hulle ten spyte van belastering en skoppe vir hom sal stem.

Maar so lank die O.B.'s so onselfsugtig is dat hulle wel ten spyte van volgehoue vyandskap vir dr. Malan en sy vyandiggesinde kandidate stem, solank sal dr. Malan dit oorbodig ag om vrede met sy mede-Afrikaners te sluit, want dan bewys hulle dat hy reg is in sy veronderstelling.

'n Stem vir dr. Malan of 'n kandidaat wat sy skeurbeleid ondersteun, is dus 'n stem vir nog minstens vyf jaar se broederstryd.

FINALE POGING

Die O.B.-lid wat volkseenheid begeer sal dus op 26 Mei die finale eenheidspoging van die K.G. ondersteun deur te stem waar die H.N.P.-kandidaat vrede gemaak het, dog buite stemming bly waar geen plaaslike vrede gesluit is nie. Deur dit te doen, sal hy die fondament waarop dr. Malan sy verdeeldheidsbeleid grond, naamlik die geloof dat O.B.-lede tog sal stem ten spyte van vyandskap, onder sy voete uitslaan, en na 26 Mei sal dr. Malan dan tot wyser insigte moet kom. 'n Herhaling van 1943 en 1948 sal sodoende vermy word vir die toekoms.

# H.N.P. Weier op Stellenbosch

Na verneem word, is op Stellenbosch ernstige pogings van die kant van die Ossewabrandwag aangewend om 'n ooreenkoms met die plaaslike H.N.P. te bereik ten einde die deur vir ondersteuning van mnr. Paul Roos, die H.N.P.-kandidaat, oop te maak.

Van O.B.-kant is gevoel dat mnr. Paul Roos, indien hy namens die H.N.P. vrede wou sluit, een van die aanneemlikste kandidate sou gewees het. Ongelukkig egter was die plaaslike H.N.P.-leiding nie bereid om teen dr. Malan se opdrag in te gaan nie, en het alle samesprekings daar afgespring.

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

Die Ossewabrandwag van Stellenbosch het dus geen ander keuse nie as om ook by die besluit van hul leiding, soos vervat in die besluite van die Worcesterse laertrek en die U.R. te bly. Hulle kan dus geen stem uitbring op die H.N.P.-kandidaat nie.

Die stryd gaan nie teen individuele Afrikaners nie, maar teen die koppigheid van dr. Malan wat sy mense verbied om tot samewerking te kom in die aangesig van „blanke Suid-Afrika se laaste kans", soos hy dit aan die volk voorhou.

# K.G. Wend 'n Laaste Poging aan

Sewe jaar van mooipraat en aanbiedinge van steun kon dr. Malan nie beweeg om vrede te sluit met die Ossewabrandwag nie.

'n Laaste poging word deur die K.G., dr. Hans van Rensburg, aangewend om Afrikanervrede en samewerking te verkry Daardie metode is om dr. Malan se skeurbeleid die kop in te slaan deur net vir die kandidate te stem wat vrede sluit met hul mede-Afrikaners. Dr. Malan sal dan besef dat dit hom nie betaal om teen die O.B. te veg nie, want die O.B. sal nie vir hom stem solank hy geen vrede maak nie. Dit is 'n uiterste poging wat die K.G. aanwend om volkseenheid te bewerkstellig.

Dit is die plig van elke O.B.-lid om in hierdie finale rondte by sy leier te staan en eens en

(vervolg in vorige kolom)

(vervolg van volgende kolom)

vir altyd 'n einde te bring aan die broedertwis wat ons volk reeds vir sewe jaar lank magteloos hou.

'n Stem vir 'n vyandiggesinde kandidaat is 'n stem teen die K.G. se versoeningsbeleid!